

# KOERSVAS


Jaargang 3      Uitgawe 65      19 Junie 2015

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte

Kennisgewings



## REDAKSIONEEL

### Misplaasde heimwee

Hierdie afgelope week het twee benaderings gesien tot die viering van die sogenaamde Jeugdag. Aan die een kant was daar die nostalgie, trane, swak geheue en heimwegmanipulasie (Die gebruik van heimweë om mense wat verstik in hulle eie rigtinglose bestaan te manipuleer om 'n sekere koers in te slaan). Aan die ander kant was daar die gebruik van die geleentheid om 'n positiewe punt te maak, gerig op die toekoms.

Jeugdag is, soos baie van die sosialistiese vakansiedae, die viering van opstand en geweld.

Die polisie het telkens traangas gebruik. Vir sommige betogers het dit 'n speletjie geword om terug te hardloop, klippe te kry en weer die polisie te teiken. Daar is geen twyfel dat die skare oproerig was en dat hulle die polisie onder klippe bestook het nie. Sommiges beweer dat "Rooi Rus" Swanepoel die opdrag gegee het om skerpunt ammunisie te gebruik.

Dit sou dwaas wees om nou terugskouend waarde-oordele te wil maak. Wat gebeur het, is dat skote gevuur is, mense is dood, waarvan Hector Peterson die eerste was.

Die skare se reaksie was een van woede. 'n Joodse dokter is vermoor, winkels, kantore

en ander fasiliteite is geplunder en toe aan die brand gesteek. Beelde van die gebeure is die wêreld in gestuur en buitelandse druk om die Nasionale party se beleid van "apartheide" te staak, is verskerp.

Diegene wat met heimwee 'n dieptepunt in die "swart-wit-stryd" wil aandui, beweer dit was die keerpunt in die land se geskiedenis. Ander stel dat die gebeurtenis niks gedoen het aan die beeld van 'n land wat al klaar die internasionale muishond was nie.

Waarteen is betoog? Die feit dat onderrig in Afrikaans was. Die betoging was gemik teen Afrikaans en by implikasie die Afrikaner. Britse taalimperialisme is in die proses opgeneem en bevorder, eerder as om eie identiteit te bevestig. Dit ter agtergrond.

Die nostalgie wat deur die ANC en trawante aan die dag gekoppel word, herinner aan die Roomse gebruik om heiliges te verheerlik. Berigte van 1976 wat verwys het na 'n skare van 5 000 is aangevul en die getal het wonderbaarlik gegroei tot 20 000. Daar is met groot weemoed gewys na die skool waar die opstand begin het, wat nou (ironies) 'n dwelmnese geword het. Hierdie jongmense is aangemoedig om weer groot leiers op te lewer, leiers wat die uitdagings van die dag kan konfronteer, soos in "die goeie ou dae van die Soweto-opstande!" Jongmense word

opgeroep om 'n sterk anti-apartheid kultuur te kweek. Die ironie van veg teen iets wat was en nie weer sal kan wees nie, is opvallend.

Aan die ander kant het onder andere die Voortrekkers van die Noorde Kranskop bestyg, 'n vlag gehys en hulle identiteit verklaar. "Hier is ons." Die Afrikaner, en daarom ook Afrikaans, het Jeugdag oorleef. So goed oorleef dat 'n groep kinders bo-op Kranskop oor die pad na die Noorde kan uitkyk en lewensgroot verklaar dat hulle **hier is om te bly.**

Die gegewe feit is dat ons almal hier is, in hierdie land, ons moet deel en leer saamlewe. Diegene wat **wil vasklou aan die verlede** om daardeur mense te aktiveer, moet hoor dat 'n giftige verlede die toekoms versmoor. Die **ignoreer van die verlede** egter open die deur vir dieselfde vergrype. Ons moet lewe, gerig op 'n toekoms, wetende dat tyd tot 'n einde sal kom en ons saam met God sal wees. Ons is rentmeesters van die hede wat die beste moet maak van dit wat ons het, in die situasie waarin ons verkeer. Die kuns van 'n balans vind tussen groepe en hulle belang, leer uit die verlede en gerig wees op die toekoms, is noodsaaklik.

## BERIGTE

### • **Makwas byeenkoms**

Die Stoepsittersgeselskap se jaarlike Makwas byeenkoms was gehou op Vrydag 12 Junie 2015 by Premiergemeente. Die Emeriti wat hulself by die GHG geskaar het, se sosiale byeenkoms, vernoem na ds Kerneels van Niekerk, het dié oggend gesellig plaasgevind. Premiermyn se Dorkas het groot moeite gedoen om die kuier so aangenaam en gemaklik denkbaar te maak.

Die rotse van weleer het soos gesoute strydrosse saam geëet, stories vertel en saam gelag. Dit sou onregverdig wees om na hulle bydraes te verwys in die verlede tyd. Almal teenwoordig, is steeds betrokke by GHG gemeentes. Hulle het net geen einde nie en ons is baie dankbaar daarvoor. Ons was dankbaar om hulle te kon onthaal. – Premiermyn Dorkas

## KENNISGEWINGS

### 1. Geloofsbondkwilt vir Teologiese Opleidingsfonds

Die dames van die GHG wil hulle finansieël ontferm oor die Bond se teologie studente. Vir die doel word die uitloot van 'n handgemaakte kwilt beplan. Alle gemeentes moet asseblief seker maak dat hulle die inligting aan hulle Damesaksies sirkuleer het re die 100-blok kwilt. Maak seker u het die nodige inligting ontvang. Daar is reeds twee e-posse re die kwilt uitgestuur. Indien u nie al die inligting het nie of graag wil deelneem, kontak vir Ina Steenkamp by 082 908 2881. Dankie aan die volgende gemeentes wie se blokke reeds ontvang is: Roedtan, Zoutpansberg, Premiermyn, Meyerspark, Vrede, Tuine .....

### 2. Bondsvergadering.

Predikante en ampsdraers word daaraan herinner dat alle studiestukke en beskrywingspunte vir die derde Bondsvergadering te Meyerspark, nou reeds moet sirkuleer. Alle kommentaar word verwelkom.

Die volgende inligting word ter herinnering weer vermeld:

DATUM: 6 tot 8 September 2015.

PLEK: Hervormde Kerk Meyerspark

TYD: Registrasie vanaf 16H00.

Opening om 18H00.  
KOSTES: R250 per afgevaardigde.  
Die volgende moet asseblief as verwysing vermeld word by inbetaling:  
"Gemeente Naam" Bondsvergadering Afgevaardigdes.

#### BESKRYWINGSPUNTE:

Alle beskrywingspunte moet ds Frans Marais ([fransnhk@gmail.com](mailto:fransnhk@gmail.com)) teen 26 Junie 2015 bereik. Die gemeentes se geloofsbriefe moet ook teen 26 Junie 2015 aan ds Frans Marais ([fransnhk@gmail.com](mailto:fransnhk@gmail.com)) versend word

#### 3. Bybelvasvra

Hiermee 'n hartlike uitnodiging tot deelname aan die Bybelvasvra 2015.

#### BESTEK

Josua hoofstukke 1 tot 6 en 24 uit die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling en Sondae 9 tot 22 van die Heidelbergse Kategismus (oor die 12 Artikels)

#### VOORGESTELDE DATUMS

Streek: Naweek van 14 - 16 Augustus in streeksverband (soos self in streeksverband georganiseer).

Finaal: Sondag 30ste Augustus om 16:00 per faks of E-pos. Niemand hoef eie dorp of distrik te verlaat nie.

#### 4. Advertensies

Neem asseblief kennis van die advertensies wat ingesluit is.

- Die Vaalwater projek ken u.

- Oornag fasiliteite by Villa Stoney – nabyst Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of [auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za).

- Premiernyn hou einde November hulle gevestigde jaarlikse Kersmark. Gehalte uitstallers wat belangstel om deel te word van die mark, kan betyds met Alta skakel by 082 682 1252

- **Drukwerk Geloofsbond Pryse 2015**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender R8-30 elk
- Verlofregister R24-75 elk
- Kwitansie R16-90 elk
- Offergawe R6-60 elk
- Dames Kwitansie R14-45 elk
- Konsistorie R22-35 elk
- Belydeniskrifte Boekie R31-40 elk

[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

#### Geloofsbondedienste :

[ww.geloofsbond.co.za](http://www.geloofsbond.co.za) Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet beskikbaar. <http://www.geloofsbond.org.za/>

#### BANKBESONDERHEDE:

Naam: **GHG** (Geloofsbond van Hervormde gemeentes)

**ENB** Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika

Rekeningnommer: **6243 092 3088**

Takkode: **250 655**

Vir verpakkingsmateriaal, spysenieringsbenodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies van kerke en skole, skakel

**MW PACKAGING**  
**by 018 381 1494.**

# Fondsinsameling

## Hervormde Kerk Vaalwater

Wen 'n

CZ550 .375 Holland & Holland Jaggeweer

R25000.00



## MAAK 'N DONASIE VAN R100-00 EN STAAN 'N KANS OM EEN VAN DIE VOLGENDE PRYSE TE WEN

**1ste Prys: Week se verblyf met luukse akkommodasie te Marloth Park teenaan die rivier.  
Slaap 12. Daaglikse skoonmaak ingesluit.**

**2de Prys: R1500-00 Geskenkbewys vanaf Tierpoort slaghuis  
3 de Prys: R1000-00 Geskenkbewys vanaf Tierpoort slaghuis**

